Heilbron
# Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

WEEK 8 Deel 111
VRYDAG - 6 MAART 2020

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)



Muller Draaiwerke
**Andries Muller**
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK


# Heilbron dienslewering aangespreek

Die Heilbron se munisipale dienskleweringspan, bestaande uit plaaslike raadslede, die area bestuurder, afdelingsbestuurders en voormanne is verlede Vrydag deur VF Plus-raadslid Phillip van der Merwe, byeengeroep om kwessies rakende dienslewering in Heilbron, te bespreek. Raadslid van der Merwe se aandrang het hoofsaaklik gespruit uit die feit dat watertoevoer in die dorp gedurende die voorafgaande week gereeld, vir relatief lang periodes onderbreek is. Talle klagtes oor watertekorte is van inwoners in die tydperk ontvang. Tydens die vergadering het geblyk dat die tekorte hoofsaaklik ontstaan het as gevolg van pypbreuke wat noodsaak dat die netwerk leeggemaak moet word om die lekke te kan herstel. Amptenare het in opdrag van vorige besluite van die Watertaakspan, 'n opname gedoen van ou lekkasies in Heilbron, Phiritona en Sandersville en 'n totaal van 160 lekkasies is geïdentifiseer, waarvan 77 ten tye van die vergadering reeds aangespreek is. Daar word tans hard gewerk om die oorblywende lekke ook aan te spreek en die vergadering was versigtig optimisties dat die herstelwerk wat reeds gedoen is, wel vermeerdering in die beskikbare water meebring. Gedurende die proses om die ander lekke aan te spreek sal inwoners ongelukkig weer by tye sonder water gelaat moet word, maar die amptenare het op versoek van raadslid van der Merwe, ingestem om vooraf inligting te probeer deurgee rakende watter gebiede aan gewerk sal word sodat inwonersgroepe per Whatsapp daarvan ingelig kan word.

Vanweë die toestand van die netwerk sal onvoorsiene breuke voorkom, maar die negatiewe invloed op die watertoevoer sal afneem wanneer die ou lekke eers herstel is. Inwoners word versoek om asseblief geduld te beoefen tydens die proses.

Probleme rakende vullisverwydering, rioolverstoppings, foutiewe straatligte en gehawende straatoppervlakke is ook bespreek en die gebrekkige dienslewering is toegeskryf aan die tekort van voertuie. Voorstelle is gemaak om defektiewe voertuie te herstel en sal met senior bestuur opgevolg word.


Die daarstelling van 'n "noodfonds" is weereens bepleit. Kleiner instandhoudingsuitgawes soos batterye, bande, ens., kan vinniger deur dié fonds gefinansier word. Die voorstel is ondersteun en raadslede sal dit met die munisipale bestuurder en hoof finansiele beampte opneem.

Nog 'n belangrike saak wat aangeroer is, is die groot koste aan oortydbetalings. Die vraag is gevra of oortydwerk wel korrek aangeteken word en die gebrek aan kontrolemaatreëls is bespreek. 'n Besluit is geneem om beter beheer daaroor uit te oefen en inwoners se samewerking in die verband sal 'n groot bydrae kan lewer. Dit word oorweeg dat 'n werker wat na ure uitgeroep word, 'n vorm sal oorhandig aan die inwoner wat die probleem aangemeld het. Die vorm verlang inligting soos inwoner se naam, adres, probleem en ook die tyd waarop die werker aankom en weer vertrek. Kommentaar op die voorgestelde proses sal waardeer word en kan per epos aan raadslid van der Merwe gestuur word by merlaw@phillaw.co.za.

*Verklaring uitgereik deur VF Plus-raadslid, Phillip vd Merwe op 28 Februarie 2020.*

# Boere juig oor reën

***Vanjaar se reënvalpatroon veroorsaak dat graangewasse baie wisselvallig is. Saaiboere aan die noord-ooste van Heilbron sê dat hulle reeds skade aan gewasse sien danksy die onder-gemiddelde reën van die afgelope twee maande. Gemiddelde reënval vir Januarie en Februarie is 170 mm en van die boere het slegs 60mm reën gehad. Mielies kom in die saad en dan is die plante baie gevoelig vir droogte. Maandag het dié dele mooi reëns gekry wat gewissel het van 25 mm tot 60 mm.***




**POSTNET HEILBRON**

Sluit aan by ons span

ons neem in diens!

PostNet Heilbron is op soek na 'n energieke persoon met goeie menseverhoudinge en adminstratiewe vaardighede as
**NUWE TAKBESTUURDER**
Verkoopsondervinding en kliëntediens is belangrik!

Pos beskikbaar vanaf **15 April 2020.**
Stuur CV na **abrie@heilbron.co.za** of lewer af by **Heilbron Herald** tot **31 Maart 2020.**

28 Langmark Street, Heilbron, 9650
Tel: 058 85 30 006 • Fax: 058 853 0051 • Email: heilbron@postnet.co.za

Copy & print | Digital | Courier | Stationery | Mailboxes



**NG Kerk Moedergemeente**
**Saterdag 7 Maart**
vanaf 09:00 tot laat...

Basaar

- Pannekoek
- Poedings
- Vars gebak
- Kerrie-en-rys
- Braaivleis
- Vleistafel
- Witolifante
- Huisvlyt
- Hope kindervermaak

**• Plaasontbyt**
word bedien vanaf 09:00 tot 10:00 (R40pp)

**• Kampioenpotte**
sal bedien word vanaf 12:00 vir take-away (R40pp)





FRANKFORT VEILING


**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**
**Elke Donderdag**
**te Royal Auction Centre**

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

# Nuwe intrekkers by die Ou Pastorie

Hierdie pragtige historiese gebou is geleë op die hoek van Ringer- en Voortrekkerstraat in Heilbron. Volgens die argiewe is Erf 354 (Akte no 57491) in 1900 deur Jacobus Groenewald gekoop. Die huis, wat die eindom van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook was, het al verskeie eienaars gehad en is in 1959 verkoop toe die kerkraad van Heilbron Suid besluit het om die nuwe pastorie te bou in Piercestraat. Die laaste predikant wat daar gewoon het was ds. Du Randt. Dis tóé dat die huis die naam van "Ou Pastorie" gekry het. In 1922 is die voorstoep aangebou en die paadjie wat na die klein hekkie loop, soos wat dit tot vandag toe nog is. Louise Snyman skuif nou haar rekenmeesterskantore hierheen en is vir die afgelope maand al besig om die huis ten volle te restoureer. Die afrondingsrame binne word afgeskuur en tot hulle volle glorie herstel. Drie van die oorspronklike kaggels is steeds in die huis en is geleë in die sitkamer, eetkamer en studeerkamer, wat nou natuurlik vir kantoordoeleindes gebruik gaan word. Die span is vreeslik opgewonde om hierdie stukkie geskiedenis van Heilbron op te knap en voort te gaan met besigheid. Hulle sien uit daarna om die gemeenskap se vrouens by die damesdag die 13de Maart te verwelkom, 'n inligtingsdag vir vroue rakende finansiële raad en dokumentasie wat in plek moet wees vóór die afsterwe van 'n eggenoot.

Hierdie is maar net die begin van groot dinge by Ringerstaat 68.



*Die pragtige historiese gebou bekend as die "Ou Pastorie".*








# Het jy geweet ?...

Is daar werklik 'n rede om my foon na 'flight mode' oor te skakel op 'n vliegtuig?

Kommer dat elektroniese emissies van skootrekenaars, e-lesers en telefone, vliegtuigstelsels kan beïnvloed, lei daartoe dat passasiers tydens opstyg en land gevra word om sulke toestelle in 'n vlugmodus, met laer elektroniese emissie, te plaas.

As netwerktorings te ver is om 'n goeie sein te ontvang, moet telefone of tablette die sein versterk sodat dit beter met torings kan kommunikeer.

Hierdie kommunikasie kan met sensors en stelsels van 'n vliegtuig inmeng en moontlik probleme met sensitiewe navigasietoerusting veroorsaak.

In afgelope jare is hierdie beperkings effens verlig, maar geld steeds vir telefone.



Dit is omdat die lugvaartbedryf van mening is dat radio-emissies vanaf telefone steeds die potensiaal het om in te meng met sekere stelsels en dat hulle vermoedelik die koptelefoon, wat deur vlieëniers gebruik word, kan beïnvloed.

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553 of kantoorure by 058 852 3033.

# Kleuters kuier by Dienssentrum



*Tannie Jessie se Graad R-klassie het by die Dienssentrum gaan kuier. Die kinders het stroopsoet gesit en aandagtig geluister na die storie van die lelike eendjie. Hulle het later 'n gediggie aan die ooms en tannies voorgedra en kon teruggaan klas toe met 'n eetdingetjie en 'n serpie vir die winter. Klein en groot het die kuier vreeslik geniet. Volgende week gaan die Dienssentrum by Huis Bron-van-Heil 'n vasvrae vir die inwoners aanbied.*

# Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.***

Toe ek eendag, lank gelede, op een van die boomstompe, hier onderkant agter die bome, gaan sit het om 'n bietjie te ontspan, gewaar ek 'n ou klein blommetjie met 'n vrolike gesiggie tussen droë gras en grond. 'n Mens kon dit skaars raaksien. Dit het my laat dink. Nietig, maar deur die Skepper daar geplaas. Dit kan nie in rangskikkings gebruik word om bewonder te word nie. Dit kan geen applous ontvang nie, maar dit floreer daar in moeilike omstandighede. Ek kan amper sê maar die gesiggie straal om sy Skepper gelukkig te maak. Met 'n spesifieke doel is dit dáár, ons sal nie weet hoekom dit dáár moet wees nie. Kan ons sê niks is te nietig en onbelangrik vir die Skepper nie. Die Koning in sy paleis is nie vir Hom belangriker as die straatveër nie. Wonderlik, Hy sien almal raak! Ons as mense kyk tog so graag na die uiterlike, maar Hy kyk na die binnekant. Daar is die presteerders, vol applous en bewondering, die name verskyn in die koerante en op die voorblaaie van tydskrifte! Wonderlik! Geen fout daarmee, maar wat van diegene wat nie presteerders is nie?

Geen applous, nes die klein blommetjie in droë gras, maar die gesiggie straal en dit lyk gelukkig. Wie sien dit raak? Omtrent niemand nie, maar is dáár geplaas deur Sy Skepper. 'n Sielkundige het eendag gesê: "Die presteerders, ook op skool, word opgehemel. Hul name is in die koerant of teen die mure van die klaskamer. Wat van die nie-presteerders wat ook hard probeer, maar eerlank dink hy of sy is nie goed genoeg nie en kan nie presteer soos ander nie. Die gevolg? 'n Swak selfbeeld. Pa en ma, wees versigtig met die hantering daarvan!" Sien maar die nie-presteerders ook raak, hulle is ook vir die Skepper belangrik, al is hulle soos die klein blommetjie wat skaars raakgesien word, met geen applous.

*Ingestuur deur Heléne Howell.*

# Vuurwapenlisensies en wetgewing

## Vuurwapen-amnestie 2019/2020

*Op 4 Maart is 'n koerier in Dobsonville, Soweto gekaap wat duisende vuurwapenlisensies vervoer het vanaf die staatsdrukker na provinsiale kantore. Die lisensies, nou in die hande van misdadigers, wek groot kommer veral by vuurwapenhandelaars, aangesien persone met die geroofde lisensies ammunisie kan koop. Daar word gevra dat handelaars hierop bedag moet wees. Die voorval kan veroorsaak dat talle mense steeds langer sal moet wag vir hulle vuurwapenlisensie kaartjies.*

*Vir die VF Plus lyk hierdie egter soos misdaad wat gepleeg is nadat binne-inligting gelek het. Daar is aangedring om die saak dringend te ondersoek aangesien die koerier oënskynlik 'n "verkeerde roete" geneem het oppad na die kantore. "Daar word deurentyd gesê dat wettige vuurwapeneienaars van Suid-Afrika die probleem skep van onwettige vuurwapens wat in omloop is wat misdaad bevorder. Hierdie voorval wys duidelik dat die polisie, wat lisensies moet uitreik, nie eens behoorlike voorsorgmaatreëls kan tref om die lisensies te beveilig nie." Dit is die mening van Dr. Pieter Groenewald, VF Plus-leier.*

Die Herald het gaan raadvra by 'n kenner rakende vuurwapenlisensies en ook die amnestiewetgewing.

Die regering het 'n amnestieperiode vir onwettige vuurwapens om strafloos ingedien te kan word, vanaf 1 Desember 2019 – 31 Mei 2020, aangekondig. Dit gee aan vuurwapeneienaars, wie se wit lisensiekaartjie verval het, kans om onder die amnestiewetgewing weer aansoek te doen vir lisensies wat verval het en ook aan diegene wat wapens uit boedels geërf het. Die doel van die wetgewing, volgens die regering, is om beslag te lê op vuurwapens om misdaad in Suid-Afrika te bekamp. *'Onwettige vuurwapens' word hoofsaaklik om tegniese redes as onwettig beskou en verwys merendeels na ongelisensieerde vuurwapens.*

Daar was reeds twee amnestieperiodes. In 2005 is 80 500 vuurwapens ingehandig waarvan 34 000 onwettig was, tydens 2010 se amnestieperiode is 42 000 vuurwapens ingehandig waarvan 11 500 onwettig was. Die proses vereis dat wapens waarvan lisensies verval het by die plaaslike SAPS ingehandig moet word, na die inhandiging van die wapen het die eienaar slegs 14 dae (nie werksdae) tyd om die aansoekvorm vir die betrokke wapenaansoek in te dien. Indien hierdie tyd vertryk, neem die polisie beslag op die wapen en word dit vernietig. Daar is slegs 90 dae oor van die amnestieperiode. Na die amnestieperiode van 6 maande, lê die polisie beslag op wapens en word dit vernietig.

Vuurwapeneienaars wie se lisensies verval het, moet hulle nie laat mislei deur die amnestiekennisgewing nie aangesien hulle nie bloot aansoek kan doen om die hernuwing van hul lisensie nie, maar deur die volle proses sal moet gaan asof om 'n "nuwe vuurwapen" te bekom.

Vuurwapeneienaars kan voorsorg tref en seker maak dat hulle 90 werksdae voor 'n vuurwapenlisensie verval, aansoek doen om dit te hernu.

Hiervoor moet hulle ook seker maak dat die nodige bevoegdheidsbewyse op datum is vir heraansoeke. Vir verdere navrae, kontak die plaaslike polisiekantore.

# Coffee @ 62

## Open sy deure

Langmarkstraat 62 brei uit. Die adres, beter bekend as Luha, het op 4 Maart die amptelike opening gehou van die nuwe koffie winkel wat nou daar werksaam is. Coffee @ 62 word bestuur deur Cemón Snyman en Nicolene Roos. Hulle spog met 'n intressante spyskaart, jy kan selfs jou eie toebroodjie opmaak vanuit 'n wye keuse van heerlike bestanddele. Dan is daar natuurlik tradisionele koffie en heerlike koek beskikbaar. Hulle is baie opgewonde om die publiek te verwelkom.



*Op die foto vl: Nicolene Roos en Cemón Snyman.*



# terugblik



**HEILBRON HERALD, VRYDAG 2 MAART 2001 - WERKSWINKEL VIR MAMMAS EN KLEUTERS**

*Ma-en-kleuterwerkswinkels is die afgelope Saterdag op die terrein van Kleuterland deur Riëtte Smit aangebied. Kleuters en hul mammas is blootgestel aan verskeidenheid van aktiwiteite van normale ontwikkelingsleer. Dit was 'n dag van lekker saamspeel en mors. Werkswinkels gaan in die toekoms maandeliks aangebied word.*




**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)**

**ADJUSTED BUDGET 201920**

The **Municipal Adjustments Budget for the financial year ending 30 June 2020** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 28 of the Municipal Finance Management Act,

Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned Act, the following table is a consolidated overview of the proposed 2019/20 Medium- term Revenue and Expenditure Framework:

**Table 1 Consolidated Overview of the 2019/20 ADJUSTMENT**

| R thousands | Actual Budget 201819 | Adjusted Budget 201819 | Budget Year 201920 | Adjusted Budget 201920 |
|---|---|---|---|---|
| Total Operating Revenue | 703 073 | 703 073 | 791 221 | 763 552 |
| Total Operating Expenditure | 835 706 | 835 706 | 834 605 | 789 581 |
| Surplus/(Deficit) for the year | -132 633 | -132 633 | -43 384 | -26 029 |
| Total Operating Revenue | 102 163 | 102 163 | 108 872 | 108 872 |
| Total Operating Expenditure | 102 163 | 102 163 | 143 590 | 111 779 |

Total operating expenditure for the 2019/20 financial year amounts to **R789 million**, the total Revenue amounting to **R763 million** and translates into a budgeted deficit of **R26 million** (inclusive of non-cash items, **R18 million**). The total Capital budget for 2019/20 financial year amount to **R108 872 million, funded and R2 million internal**.

**The council Of Ngwathe Local Municipality, on the 27th February 2020, approved the Adjustments budget 201920**

The copy of the budget adjustment is available on the municipal website.
www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**Bruce Kannemeyer**
Municipal manager
jordaanr@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

**Hopolang Lebusa**
Chief Financial Officer
hopolang@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

Themba Mpindo
Budget and Expenditure Manager
mpindo@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

# GROOT PILLE



**EK HET EEN GEHAD AS KIND EN AL WAT EK KAN ONTHOU IS DAT DIT DADELIK MY PYN LAAT BEDAAR HET EN MY KOORS GEBREEK HET,** maar dit was die enigste keer. Ek weet ook nou dat dit makliker is om 'n baba se koors te breek met behulp van 'n setpil as gewone orale medikasie. Na aanleiding van twee stories daaroor, het ek gaan oplees oor die geskiedenis van setpille. Ja, daai soort pille.

Bewyse is gevind dat die antieke Babiloniërs soveel as 2000 v.C. reeds setpille gebruik het. Die mediese "beamptes", die Asu, het setpille gebruik om aambeie te behandel. Antieke Egiptenare het daarvan gebruik gemaak om gastrointestinale probleme die hok te slaan. Die Mesoamerikaanse kultuur was die eerste in die westerse wêreld wat van setpille gebruik gemaak het, blykbaar al teen 1700 v.C.

In die 1500's is Engeland se Koning Hendrik II (King Henry II) amper noodlottig gewond tydens 'n spiesgeveg. Hy het 'n paar perforasies deur sy slukderm en maag gehad en hy kon nie eet of drink nie. Dit is toe dat die dokters 'n blink plan beraam het: voer hom van onder af om hom gesond te hou. Blykbaar was dit 'n reuse sukses. Daar was, klaarblyklik, voedingstowwe in die setpil wat hom aan die lewe gehou het.

Die Engelse term "suppository" is die eerste keer in 1763 in akademiese geskrifte gebruik. Dit kom van die Latynse term "suppositorium" wat "plaasvervanger" of "substitute" beteken. Die bindstof waarin die medikasie was, was gewoonlik 'n stukkie seep of heuningkoek, later is kakaobotter gebruik. In 1897 is die Kakaobotter met water, Gelatien en Gliserien gemeng, dit het die aanwending (in-wending?) van die setpil makliker gemaak. Teen die einde van die tweede wêreldoorlog het setpille uit harde vet bestaan. Toe kom menere Henry en Guibourt en voeg Opium by die Gliserien, seker sodat jy hoog raak terwyl die setpil laag lê. (Excuse the pun).

**HOEKOM DAN SETPILLE?** Wanneer medikasie die maag bereik, kan die maagsure reeds begin om die medikasie te vernietig. Dit kan soms, met sekere medikasie, gebeur dat slegs 10% daarvan uiteindelik deur die bloedstroom opgeneem word. Deur setpille te gebruik, word die medikasie deur slymvliese geabsorbeer en beweeg direk na die bloedvatstelsel, dus word baie meer van die medikasie in die bloedstroom opgeneem.

(Die oom sê: "As ek steeds die setpil in my hand het, waar is my gehoorapparaat dan?") (Jammer, dit was net 'n simpel grappie wat ek die ander dag gehoor het, maar ek kon dit net nie weerstaan nie).

Amper vergeet ek van die twee stories.

Ans se man het 'n baie hoë koors en die dokter skryf 'n setpil voor. Die man weet glad nie hoe die setpil werk nie en Ans stel voor dat hy dit sommer so 'n smeer deur die Vaseline gee en dan probeer indruk. Die goed-glibberige setpil sal die hele proses mos net baie makliker maak.

Ans bied die potjie Vaseline aan en hy maak seker dat die setpil mooi met Vaseline bedek is, hy sit die setpil waar dit moet wees. Dis nie 60 sekondes nie of hy begin gil soos 'n meisie: "Dit brand! Dit brand!"

Ans glo dit nie, want hoe op aarde kan dit dan nou brand? Dis dan om pyn beter te maak en Vaseline is mos onskadelik. Ans sê dat dit onmoontlik is dat die setpil kan brand en om te demonstreer, smeer sy haar vinger deur die potjie Vaseline en smeer dit aan min of meer dieselfde plek waar haar man syne moes smeer.

Dis nie 60 sekondes nie, of sy begin gil soos 'n meisie. "Dit brand! Dit brand!"

Haar man gee haar 'n vieslike kyk - hy het mos gesê dit brand en sy wou hom nie glo nie. Kyk nou: dit brand regtig, sy is ook aan die brand.

Ans bekruip die potjie Vaseline en bekyk dit van naderby. O, gonna, sy het vergeet: dit is die potjie waarin sy die Wintergreen (wat soos DeepHeat ruik), vir seer spiere, ingekrap het. Sy het nooit die houer gemerk het. Dit was toe nie meer Vaseline nie.

Ek het nooit gevra hoe sy en haar man van die brandsensasie ontslae geraak het nie.

**EK VERTEL HIERDIE VERHAAL DIE ANDER DAG AAN 'N ANDER VRIENDIN. VINNIG KLINK DIT SOOS 'N SPELETJIE: VERTEL MY JOU STORIE OOR 'N SETPIL EN EK VERTEL JOU MYNE.**

Vriende se broer se dogter het 'n hoë koors en die dokter skryf 'n setpil voor. Pappa is 'n enkelpappa en daar is nie 'n mamma om vir die vyfjarige te verduidelik hoe die setpil werk nie. Pappa moet maar verduidelik. Hy vertel haarfyn hoe dit gedoen moet word, hy kan dit nét nie demonstreer nie.

Die dogtertjie bars in trane uit. Pa dog dit omdat sy weer siek voel.

Uiteindelik snik sy: "Maar Pappa, ek is nie dáár siek nie!"

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Derde Lydensweek**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Sin Kol: Bedieningsmateriaal / 10:45 Kerkraadsvergadering
Teebeurt: D9, D10, P3, P4
Gemeentetee Blok 2

**NG SUID**
**Derde Lydensweek**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Sin Kol: Fonds vir Geestelike Bearbeiding van Studerende Jeug

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Kol: Teologiese Studentekas / Katkisasie: Les 6
Diensbeurte: Wyk 6 & 7

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondag:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
**Sondag:** 10:00 Erediens
**Woensdag** Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
**Derde Lydensweek**
**Sondag:** 10:00 Erediens
VBO Les 7

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Sondag:** 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
**Woensdag** Biduur: 18:00
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
**Sondag:** 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Woensdag** Biduur: 18:00

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
**Sondag:** 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondag:** 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel,
**Woensdag** Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Sondag:** Heiligmaking om 10:30
**Dinsdag:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
**Woensdag:** 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
**Sondagskool** 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
**Dinsdag:** 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

# GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**
***Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272***
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
10:00 - EKO-program
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**


Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.



# "Besige bytjies" by Kleuterkasteel

## Barney & Spot

By Kleuterkasteel word daar voortdurend geleer deur te lag en te speel en op 28 Februarie kry Kleuterkasteel besoekers en sluit die liefdes maand af met 'n optrede van Barney en Spot. Martin en Cariena Conradie, vanaf Johannesburg, bied dié opvoedkundige optrede vir die kinders aan. Hulle leer om maatjies nie seer te maak nie, Jesus te vertrou, nie bang te wees nie en ook om gehoorsaam te wees. Die wat dit bygewoon het, het dit vreeslik geniet en kan nie wag om weer vir Barney te sien nie.



## Visvangkompetisie

Skrikkeldag het vir baie opwinding en koue vir die deelnemers van Kleuterkasteel se visvangkompitisie gesorg. Dit is gehou op 29 Februarie op Nicci Oosthuizen se plaas op die moedersdeelpad en groot pryse was op die spel asook gelukkige trekkings.

**Met 'n suksesvolle dag agter die rug is die uitslae as volg:**

**Juniors:** Grootste Karp en Onderbek: Willie Bornman; grootste Baber: MC Pieters.

**Dames:** Grootste Karp, Onderbek en Graskarp: Erina Rabie; grootste Baber: Justine Prinsloo.

**Mans:** Grootste Baber en grootste Karp: GP Rossouw; grootste Onderbek: Ryno Smuts; grootste Graskarp: Jacques Rood.

**Gelukkige Trekkings:** Juniors - Elinka van Dorsen en MC Pieters. Dames - Christa van Wyk en Linda Prinsloo. Mans - Lotie van Wyk en Nicky Welgemoed.








# Noord-Vrystaat kampioenskappe



*Primêre leerders van Hoërskool Heilbron het verlede Saterdag deelgeneem aan die Noord-Vrystaat atletiekbyeenkoms in Sasolburg. Shamoné Ribeiro behaal 'n eerste plek vir dogters o/9 in 80m en 60m, maar kan nie deelneem aan die Vrystaatkampioenskappe nie, aangesien deelname daar slegs vir o/10-leerders en ouer, is. Hou haar dop in die toekoms! Vyf ander atlete presteer verlede naweek: Aldi Strydom dogters o/11 - eerste in verspring en tweede in gewigstoot; Gerrit du Plooy seuns o/10 - derde in gewigstoot, Dihan Janse van Rensburg seuns o/12 - vyfde in spiesgooi; Lourens Roux seuns 0/12 - derde in gewigstoot en tweede in diskus; Tiaan Britz seuns 0/13 - eerste in diskus, eerste in gewigstoot en derde in spiesgooi. Hulle neem die 14de Maart deel aan die Vrystaatkampioenskappe in Bloemfontein, ons hou styf duimvas! Op die foto agter vl: Dihan Janse van Rensburg, Lourens Roux, Tiaan Britz en Gerrit du Plooy. Voor vl: Aldi Strydom en Shamoné Ribeiro.*

# Deurnagrolbal 'n groot sukses

Só breek Vrydagmiddag aan en daar heers 'n algehele opgewondenheid by die rolbalklub, die deurnagrolbal is hier en spelers van oral is besig om aan te meld vir die geleentheid. Met al die spelers gereed, verwelkoming agter die rug, is almal reg om die nagspel aan te pak.

Rita Hoffman en Loutjie Smit, oudste spelende lede van die klub, open die aand se spel en net om vir die jonger spelers te wys dat ouderdom net 'n nommer is, het hulle albei die witte geraak. Met aanvang van spel het die winterseisoen kom verras en terselfdertyd sommer 'n reënvlagie saamgebring, maar rolbalspelers is tawwe tienies en spel het voortgegaan soos beplan.

Soos voorspel was die middernagtelike "steak" ete absoluut uit die boonste rakke. Groot dank aan Meloney Pretorius.

Na 'n koue nag – nadruk op koud – het Christine Kruger se span van Frankfort, weggestap met die eerste prys, met Reitz en Kroonstad Bowl Club onderskeidelik tweede en derde.

Die bestuur wil al die lede bedank vir hul harde werk en bydrae wat van hierdie aand 'n groot sukses gemaak het.



*Rita Hoffman en Loutjie Smit maak gereed om te rol.*

# Spanboudag by rolbalbaan



***ROLBAL-SPANBOU:*** *Hoërskool Heilbron se Bestuurskomitee het op 21 Februarie 'n rolbal-spanboudag gehad by die plaaslike rolbalklub. Die kinders het die sport vreeslik geniet en sien uit om nou as sterker leiers, 'n verskil onder die laerskoolkinders te maak. Op die foto voor vl: Aldené de Jongh, Kayla Bosman, Micke van Wyk, Johanri Pretorius en Carli Rochat. Agter vl: Tiaan Britz, JC Potgieter, Hannes Els, Marnus Labuschagne en André Viviers. Lede van die rolbalklub: agter: Gerald Radeymeyer, Petro Habig en Hannalie Claassen.*

# Plaasaanval by Verkykerskop

## *Plaasaanval beklemtoon noodsaaklikheid van gemeenskapsveiligheidsnetwerke*

Die jongste plaasaanval in die Vrystaat op 'n bejaarde vrou van Verkykerskop in die Vrystaat, beklemtoon die noodsaaklikheid van meer effektiewe landelike beveiliging, effektiewe plaaslike veiligheidsnetwerke en goeie samewerking met die polisie.

Jan van Niekerk, VF Plus-provinsiale leier in die Vrystaat, was op die toneel nadat die veiligheidsnetwerk uitroepe om hulp ontvang het.

Twee van die drie aanvallers is deur die boere aangekeer, in samewerking met die polisie wat op dié aanval gereageer het.

Die VF Plus verwelkom die spoedige reaksietydperk van boere wat van ver met twee privaatvliegtuie en 'n privaat-helikopter gereageer het. 'n Polisiehelikopter het ook bystand verleen.

Die VF Plus loof ook die goeie samewerking tussen die polisie en die boere se veiligheidsnetwerk.

Plattelandse gemeenskappe is weerloos en moet soms vir etlike ure wag op hulp vanaf stedelike gebiede. Die VF Plus moedig daarom alle boere aan om in te skakel by gemeenskapsveiligheidsnetwerke om vinnig reaksie en hulp te kry in gevaarsituasies. In die stryd vir veiligheid op die platteland, moet boere nie op hul eie aangewese wees nie.

Die VF Plus het nog altyd groot erns gehad met plaasaanvalle en sal volgehoue druk op die regering plaas om plaasaanvalle as prioriteitsmisdaad te verklaar.

Die VF Plus spreek sy innige simpatie uit teenoor die slagoffer, familie en vriende vir die trauma waardeur hulle moes gaan en wens die slagoffer 'n spoedige herstel toe. Die party sal die nodige hulp verleen om te verseker dat die derde verdagte opgespoor word en dat die drie verdagtes vervolg word sodat geregtigheid geskied.

Kontaknommer:
084 206 3375.
*Dévar Smit*
*VF Plus-LPW*

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2 | 7 | 5 | | | 9 | | |
| | | 3 | 1 | | | 2 | | |
| | 1 | 5 | 3 | | 4 | | | 7 |
| 7 | | | 2 | | 1 | 5 | | |
| 5 | 9 | 8 | | 4 | 3 | 1 | 6 | |
| 1 | 3 | 2 | | | | | | |
| 8 | | 1 | 9 | 6 | | 3 | 4 | 5 |
| | | 9 | | | | | | |
| | | 6 | | 3 | 7 | | 9 | |

**SUDOKU -** Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

**Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.**
Besoek ons ook vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...




TELWIEDRE-VOERE

**WERKSGELEENTHEID**
**KOSTEREKENMEESTER (VOORRAAD)**

***Binne Telwiedré Voere is daar 'n vakature vir bogenoemde uitdagende pos. Suksesvolle kandidate moet oor die volgende eienskappe beskik:-: -***

* Omvattende kennis van kosterekeningkundige beginsels en konsepte en goeie begrip van die "vervaardiging" van finansiële konsepte * Betroubaar, stiptelik en lojaal
* Onder druk kan werk * Nougeset, deeglik, verantwoordelik en akkuraat

**VEREISTES & KWALIFIKASIES:-** B.Com.Rek.-graad; 3 – 5 jaar ondervinding; Pastel & Excel Ondervinding

**VERANTWOORDELIKHEDE:-**
(1) Berekening en evaluering van voorraadafwykings. (2) Voorraadkostekoördinering. (3) Daaglikse verslagdoening aan aankoopsafdeling. (4) Stiptelike verslagdoening aan bestuur. (5) Voorraadtellings & Toetstellings.

**SLUITINGSDATUM:-** 13 Maart 2020

**BELANGSTELLENDES:-** Oorhandig of stuur u skriftelike CV/aansoek aan A. Barnard by Telwiedrè Voere, Bothastraat 6, Heilbron of e-pos na admin1@telwiedre.co.za

## SPORTverslag

# Ligaspan se laaste kans

Heilbron Gholfklub se ligaspan het al sy kanse verspeel en kan nie môre bekostig om te glip teen die span van Bethlehem nie. Die derde bepaling word môre op Heilbron beslis. Heilbron se span: Julyan Bruyns, Jackie Leonard, Riaan Schutte, Abrie Watson, Johan Nelson en Willem Loots.

Verlede Saterdag se Adam-en-Eva-dag het aan alle verwagtinge voldoen en spelers het ook in goeie gees deelgeneem. Dries Cilliers en Jo-Anne de Lange wen die dag met 57 punte na 'n uittel teen Jackie Leonard en Christelle Lourens.

Volgende naweek word die jaarlikse klubkampioenskappe beslis oor 36 putjies. Spelers moet inskryf by die klub en ledegelde is betaalbaar voor of tydens die dag.

Die *poker draw* is nog nie gewen nie en die pot staan tans op meer as R8 000. Die trekking vind Vrydagaande om 19:00 plaas.



*Gerrie Muller en Suzilda het die prys gewen vir die beste temapaartjie. Deelnemers moes aantrek volgens die eerste letter van hul vanne.*



*Dries Cilliers en Jo-Anne de Lange het die beste gholf vir die dag gespeel.*

### JAARPROGRAM : 2020
### RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| | | |
|---|---|---|
| 7 MAART | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 14 MAART | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 18 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET | 09:00 |
| 24-27 APRIL | HUNTEX | |
| 23 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 30 MEI | BLOEMFONTEIN-INTERTAK SPORTSKIET | |
| 6 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 25 JULIE | OVER UNDER SPANSKIET | 09:00 |
| 15 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 29 AUGUSTUS | BOSVELD OEFENING | 09:00 |
| 5 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 26 SEPTEMBER | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 3 OKTOBER | GROEPERING SKIET | 09:00 |
| 3 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 17 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand verkope of veiling navrae!

**BKB Louwid NOORD**
**Die komende week se BELANGRIKSTE veilings**

**MAANDAG - 9 MAART 2020**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DINSDAG - 10 MAART 2020**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

**DONDERDAG - 12 MAART 2020**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

KROONSTAD : REDFIELD BRANGUS
150 Top Brangus beeste
11:00, Plaas Warden, Kroonstad
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**VRYDAG - 13 MAART 2020**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

KROONSTAD : JOHAN VAN ZYL
600 Top boerskape
11:00, Kroon Boma, Kroonstad
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/[illegible]/07
Posbus 220, Frankfort 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za


**IS YOUR EMPLOYER PAYING YOU THE NATIONAL MINIMUM WAGE?**

**THE NATIONAL MINIMUM WAGE**
A TOOL TO CLOSE THE WAGE GAP AND TO OVERCOME POVERTY

If you are not paid the national minimum wage of R20.76 per hour

- R18.68 per hour for farm and forestry workers
- R15.57 per hour for domestic workers
- R11.42 per hour for workers under the Expanded Public Works Programme

then dial the FREE IMPIMPA HOTLINE.



**FREE IMPIMPA HOTLINE: *134*305#**
DIAL THE FREE IMPIMPA HOTLINE AND FOLLOW THE PROMPTS

employment & labour
Department:
Employment and Labour
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF EMPLOYMENT AND LABOUR, WORKING FOR YOU